

Dinsdag 7 September

Skrifgedeelte: Titus 1:10 – 2:2

Fokusgedeelte: Titus 2:1-2

Preek die evangelie – ook ouer mans – deur die evangelie te lééf!

Die leefwêreld van die eerste-eeuse gelowiges op die eiland Kreta was onder mense van slegte karakter (1:12). Dwaalleraars se afwykende opvatting van die waarheid het ook beroering tot gevolg gehad (1:10, 14). Hierteenoor staan hierdie opdrag aan Titus, die medewerker van die apostel Paulus: *“Maar jy moet verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer.”* Dit dui op onderrigting in die Christelike lewe wat pas by die verlossing in Christus. Kortom behels dit die preek van die evangelie in die daaglikse praktyk van die lewe deur die evangelie te lééf. Alle gelowiges – ongeag ouderdom, geslag en die posisie beklee – is by die lééf van die evangelie betrek (vs 2-10). Die ouer leeftydsgroep is in vers 2 (en in vs 3) eerste aan die beurt. Ouderdom diskwalifiseer niemand om die evangelie deur sy lewe te preek nie! Ook nie ouer mans nie. Die destydse samelewing was in ’n toestand van sosiale agteruitgang. Drankmisbruik was ’n groot probleem. Vandaar die lering, en wat by “wysheid in die grysheid” in die algemeen hoort, om “nugter” te wees; “eerbare” gedrag en om “verstandig” (beheersd) op te tree.

Hierop volg ’n drieledige samevatting van Christelike gedrag om daarin ’n toonbeeld van geestelik gesond te wees: vas in vertroue op God (geloof); ander se belange op die hart te dra (liefde); en om volgehoue te doen wat God vra (volharding).

Ons tydsomstandighede is nie sonder meer met dié in die tyd van Paulus se brief aan Titus gelyk te stel nie. Die ontaarding van die samelewing waarin ons leef, is egter nié te ontken nie. Maar hierin is die opdrag onveranderd: Preek die evangelie deur die evangelie te lééf! Ook die ouer mans: predikers van die evangelie deur leer én lewe met mekaar te harmonieer. Hierby is dié uitdrukking van toepassing: Woorde (leringe) wek, maar voorbeelde trek. Voorbeeldige gedrag in die koninkryk van God deur die evangelie te lééf – hierdeur word die geloofwaardigheid van die evangelieboodskap gedien.

Sing: Psalm 25-1:6

Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (Emeritus)